Silvertonkruin Gemeenskapskerk
Gewortel in Christus. Vernuwe deur die Gees.

**E-Nuus 30 Julie 2026**

**Liewe Silvertonkruin-gemeente**

**Gedagte vir die Week**

In Matteus 14:13–21 neem Jesus wat min lyk—vyf brode en twee visse—en maak dit meer as genoeg. Wanneer ons ons beperkte vermoëns en omstandighede in Sy hande plaas, kan Hy dit gebruik om baie te bereik.

Mag ons hierdie week met vertroue onthou: God sien ons nood, voorsien op Sy tyd en seën dikwels meer oorvloedig as wat ons ooit verwag.

**Program vir die week:**

- **Biduur –** Sondagoggend om 08:00

- **Sondagoggend se Erediens – 09:00**
  Jy word hartlik uitgenooi om Sondag saam met ons die Here te kom aanbid.
  **Ds Van Wyk Fischer** lei die erediens.
  **Matteus 14:13-21 – Bring dit hier na my toe**

  Kyk ook op youtube:
  https://www.youtube.com/watch?v=_kOTSOkHJR0

- **Kategese – vind plaas tydens die oggend diens, direk na die Poppekas**

  **Kontak Suzette vir enige navrae: 083 718 8422**

- **Sondagaandgeselsgroep**
  Sondagaande; 17:30
  Kom leer en reis saam!

- **Pannekoek!**

  Van Wyk, Wilna, Chris, Kotie en Jonanda het lekker pret gehad en wil almal inspireer om deel te word van die lekkerte. Dit is pret om deel te wees van n groep mense wat nie omgee om hulle tyd en talente te wy aan die uitbreiding van God se Konigryk nie!

  En as julle dalk wonder waar Kotie is? Sy is die klein gesiggie wat daar agter Van Wyk en Jonanda uitloer

 

Deon, Elna, SuzetteKarin en Kotie bak hierdie naweek,Sterkte vir julle!

📞 Vir navrae of om betrokke te raak, kontak asseblief:
Wilna – 083 501 0451

### Nuwe Boompie-embleem

Silvertonkruin
Gemeenskapskerk
Gewortel in Christus. Vernuwe deur die Gees.

Die boompie-embleem wat julle tans in sommige van ons kommunikasie sien, is ’n konsep wat deur Van Wyk saamgestel is. Dit is nie ’n amptelike verandering aan Silvertonkruin se naam, bestaande logo of identiteit nie. Dit dien bloot vir die volgende ses maande as ’n eenvoudige teologiese en geestelike beeld wat die gemeente, personeel en leierskap kan help om saam oor hierdie nuwe seisoen te dink.

Die beeld kom uit Jesaja 11:1, waar ’n nuwe loot uit ’n ou stomp groei. Dit herinner ons dat God nuwe lewe kan laat ontstaan vanuit dit wat reeds oor baie jare opgebou is. Ons is dankbaar vir Silvertonkruin se geskiedenis, vir elke lidmaat wat hier gedien het en vir die sterk fondasie van geloof, liefde en omgee waarop die gemeente gebou is.
Terselfdertyd beleef ons tans nuwe energie, kreatiwiteit en hoop in die gemeente. As Gemeenskapskerk wil ons steeds ons liefde vir God uitleef deur mekaar en ons gemeenskap met deernis, barmhartigheid en ondersteuning te dien.

Die embleem is daarom vir hierdie tyd ’n teken van nuwe lewe en groei: diep gewortel in God se trou, dankbaar vir ons verlede en hoopvol oor dit wat voorlê.

### Belangrike Datums op ons Gemeentekalender

- **1 tot 31 Augustus - Barmartigheidsmaand / Vrouemaand**
- **1 en 2 Augustus – IEC gebruik kamer 14 vir kieseregistrasiedoeleindes**
- **9 Augustus – Nasionale Vrouedag**
- **10 Augustus – Publieke vankansiedag**
- **16 Augustus – Nagmaal / kerkraadsvergadering**
- **23 Augustus – Bybelsondag**
- **30 Augustus – Biddag vir Dowes**

## Algemeen:

**'n Vriendelike herinnering 😊**

Ons is baie dankbaar dat ons gemeente uit mense van **alle ouderdomme** bestaan! Daarom is die ruimte agter in die kerk spesiaal ingerig vir gesinne met jong kinders, met inkleur- en ander aktiwiteite om klein handjies besig te hou.

Kinders gaan soms giggel, fluister of 'n bietjie woelig wees – en dit is deel van die vreugde van 'n lewende gemeente. Indien jy 'n stiller plek verkies, nooi ons jou vriendelik uit om nader aan die voorkant van die kerk te sit.

Dankie dat ons saam 'n gemeente kan wees waar almal – van die kleinste tot die oudste – welkom voel en met vreugde die Here kan aanbid.

## Het jy geweet?

**1. Die Bybel noem nie hoeveel wyse manne by Jesus se geboorte was nie.** Ons praat dikwels van **drie wyse manne**, maar die Bybel sê net dat daar **wyse manne uit die Ooste** gekom het. Die idee van drie kom waarskynlik van die drie geskenke: goud, wierook en mirre. (Matteus 2:1–11)

**3. Kamele word nêrens in die Kersverhaal genoem nie.** Al sien ons dit dikwels in Kersuitstallings, sê die Bybel nie dat die wyse manne op kamele gereis het nie.

**2. Noag het waarskynlik langer aan die ark gebou as wat Jesus op aarde bedien het.** Volgens die Bybel was Noag 500 jaar oud toe sy seuns gebore is en 600 jaar oud toe die vloed gekom het. Dit beteken die bou van die ark het waarskynlik dekades geneem – 'n ongelooflike getuienis van volharding en gehoorsaamheid.

## Nuusbrokkie:

**Hoop en geloof te midde van Venezuela se aardbewing**

Ná die verwoestende aardbewings in Venezuela het die Christelike hulporganisasie **Samaritan's Purse** onmiddellik gereageer. Franklin Graham en sy span het die rampgebied besoek, saam met plaaslike pastore en gesinne gebid, noodhulp versprei en mense bemoedig met die hoop van die Evangelie. Hulle bied nie net kos, water en mediese sorg nie, maar wys ook op Christus as die Bron van ware hoop.

Een van die verhale wat wêreldwyd mense aangegryp het, was dié van 'n klein hondjie wat ná **29 dae** lewend onder die puin gevind is en uiteindelik met sy jong eienares herenig is. Vir baie was dit 'n herinnering dat selfs te midde van groot verlies daar steeds tekens van hoop is.

Hierdie gebeure herinner ons dat God dikwels deur Sy kinders werk om Sy liefde tasbaar te maak. Waar daar nood, hartseer en wanhoop is, stuur Hy mense wat dien, troos en hoop bring.

## Toets jou Kennis:

**Bybelvasvra – Kinders in die Bybel**

1. Wie was die baba wat in 'n mandjie op die Nylrivier gesit is?

2. Watter jong seun het snags God se stem gehoor en gedink Eli roep hom?

3. Wie was die jong herderseun wat later koning van Israel geword het?

4. Hoe oud was Josia toe hy koning geword het?

5. Watter seuntjie het sy vyf brode en twee visse vir Jesus gegee?

6. Wie het die Kind Jesus in die tempel in sy arms geneem en God geprys?

7. Wat het Jesus gesê toe die dissipels die kinders wou wegstuur?

8. Watter jong meisie het vir Naäman se vrou vertel van die profeet Elisa?

9. Wie was Jesus se aardse moeder?

10. Waar het die twaalfjarige Jesus met die skrifgeleerdes gepraat?

Bonusvraag

Noem drie kinders of jongmense in die Bybel wat God op 'n besondere manier gebruik het.

---

## Deel jou bydrae in ons E-nuus

Ons moedig graag ons gemeente aan om deel te neem aan die inhoud van ons E-nuus. Indien jy enige nuus, getuienis, bemoedigende boodskap of kort stukkie wil deel, is jy baie welkom om dit vir ons aan te stuur.

Jy kan jou bydraes enige tyd rig aan **Doret** by: **admin@silvertonkruin.com**

Ons sien uit daarna om julle stories, getuienisse en hart vir die Here met die res van die gemeente te deel. Saam bou ons mekaar op en getuig ons van God se goedheid in ons midde.

## GEMEENTE WHATSAPP-GROEP

Indien jy graag op hierdie WhatsApp-groep wil wees, kontak asseblief vir Doret. 079 162 1443

## KERK SE KONTAKBESONDERHEDE

E-pos: admin@silvertonkruin.com
Telefoonnommer: 079 162 1443
Kantoorure: Weeksdae – 07:00 tot 14:00

Liefde en seën uit die Kerkkantoor